

**SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 4:12-22**

**FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 4:20-22**

**Ikabod – 'n Vrou sonder naam, maar bekend en bruikbaar vir God!**

'n Vrou wie se naam nie eers genoem word nie, noem haar seuntjie by sy geboorte “Ikabod” – “die eer is weg”, of “waar is die eer?” Alleen deur die genadewerking van die Heilige Gees kon sy tot so 'n sprekende naam kom.

Eerstens het hierdie naam die skande verwoord wat al vir so lank onder die Israeliete plaasgevind het. In 1 Samuel 2 lees ons hoedat haar man, Pinehas, 'n priester, haar eer as vrou weggenem het deur by die meisies wat in die tent van ontmoeting werk, te slaap. Hy het ook die offers onteer deurdat hy vooraf van die beste offervleis gevat het. Hy was ook 'n gewelddoener en dus nie sy amp as priester waardig nie. Die volk se godsdiens het verder ontaard in 'n bygeloof dat solank as wat die ark in hulle midde was, dit met hulle goed sou gaan. Alles in die lewe het dus om hulleself gedraai. God het nie regtig saak gemaak nie. Ons kan dalk deesdae met reg in skande uitroep: Ikabod! Hoe dikwels vier mensediens hoogty bo Godsdiens? Hoeveel onreg word gepleeg: diefstal, bedrog, ensovoorts! Is beginsels nog belangrik?

Tweedens was die sterwende vrou se uitroep 'n uitroep van geloof. Sy het immers nie gekla oor haar eer as vrou, of oor haar man, skoonpa of die sowat 34 000 man wat op die slagveld dood lê nie. In haar sterwensomblikke worstel sy nie om selfbehoud nie, maar bely sy eintlik (vs. 22): Waar is die eer vir God? Hoeveel dinge in ons lewens is op God se eer gerig, en hoeveel op ons eer en ons behoud?

Laastens is die naam “Ikabod” 'n uitroep om troos. Rondom die sterwende vrou was troosters wat sê: “Moet jou nie bekommer nie, want jy het 'n seuntjie.” Jou man se nageslag leef voort! Sy het hulle nie geantwoord nie. Dít was immers nie haar bekommernis nie. God se eer onder die volk was haar bekommernis.

En ons? Waarin lê ons troos: meer polisiemanne, verskerpte sekuriteit, geld, besittings? Nee, God antwoord deur al sy eer af te lê en as babaseun in 'n krip te kom lê. Hy antwoord deur self, in ons plek, buite Jerusalem doodgemaak te word: EERLOOS! Sodat, al sterf ons eerloos, ons aan die einde van ons lewe in eer en heerlijkheid by Hom opgeneem mag word. Hy antwoord deur aan ons sy Gees as Trooster te stuur wat ons voortdurend lei en dra.

Hoe moet ons dan elke dag in hierdie wêreld lewe? Gee aan God alleen die eer dwarsdeur u lewe.